Oordenking
9 November 2009

Leef net vir die Verlosser

Die oorspronklike woord vir verlosser en om te verlos kom uit die handelswêreld. Die mees basiese betekenis van verlos is om iets te koop, of terug te koop. In die antieke wêreld het dit die betekenis gekry om 'n slaaf te koop met die oog daarop om die slaaf vry te stel. Om te verlos beteken met ander woorde om 'n groot losprys vir iets of iemand te betaal.

Die konsep "verlossing" is sentraal in die Goeie Nuus oor Jesus. In 'n baie bekende teks sê Jesus: *Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee **as losprys** vir baie mense*." (Mark 10:45). En Paulus skryf vir Timoteus: "*Daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself **as 'n losprys** vir almal gegee het*." (1 Tim 2:5-6).
Die Bybel is baie duidelik oor wat verlossing is: Die betaling van 'n losprys – die lewe en dood van ons Heer – om so sy mense vry te maak.

Ons is geroep om ons verlossing te vier met ons hele lewe. Ons moet juig en bly wees daaroor dat ons nie meer aan onsself behoort nie, maar dat ons net aan die lewende Jesus behoort wat ons vir Homself gekoop het. Deur die losprys te betaal is ons met God versoen. Ons leef net vir die Verlosser!

Onthou jy nog die hierdie liedjie uit die Jeugsangbundel?

My enigste troos in lewe en dood
is dat ek aan Jesus Christus behoort!
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop -
dis my anker, my vaste hoop!
Ek behoort nou aan Jesus.
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop,
dis my anker, my vaste hoop!

Glo dit!